**23 Julie** **Skrifgedeelte: Genesis 24:50-67**
**Fokusgedeelte: Genesis 24:56-58**

## “Ja” vir die wil van God

In hierdie hoofstuk word baie gesê oor Eliëser se opdrag en hoe moeilik dit vir hom was, maar min oor Rebekka. Haar optrede word saamgevat in ’n enkele “Ja!” Hoe moeilik moet dit nie vir haar gewees het nie! Sy moes haar familie en bekende wêreld verlaat om iemand wat sy glad nie ken nie se vrou te gaan word. Sy het wel die versekering gehad dat hy welaf is. Daarvan het die geskenke en die karavaan kamele getuig. Geld kan egter nie geluk koop nie.

Haar eintlike anker was die versekering dat hierdie saak van die Here kom. Dit is die punt wat voortdurend in hierdie hoofstuk beklemtoon word. Daarom is daar ook nie tyd om langer uit te stel en te talm nie. Die groot “Ja!” is daarom nie ’n antwoord aan die onbekende Isak nie, maar aan die Here wie se hand so duidelik in alles te sien was. Wanneer ons seker is van die wil van die Here is dit maklik om op te offer.

Is daar dinge in u lewe waarvan u seker is dat dit die wil van die Here is om dit te doen? Moenie talm om dit te doen nie, al vra dit ook watter opoffering. As dit waarlik die wil van die Here is, sal dit maklik wees om dit te doen.

*Sing: Psalm 40:4 (Totius)* *Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*